

Lees: Lukas 12:49-13:5

Teks: Lukas 13:3,5

Prediking & Tema: *Noodsaaklike genade en bekering*

Geliefdes in Onse Here Jesus Christus

Mens hoor soms nog die uitdrukking dat iemand met 'n blinde sambok geslaan word. Daarmee sê mens dan dat jy iets naar en sleg beleef, een of ander probleem optel, en dat dit in direkte verband staan met een of ander sonde wat jy gedoen het. As jy jou vinger raaksny, was dit oor iets wat jy verkeerd gedoen het. Of as jou kind blind is, het selfs die dissipels gevra wat het die ouers van die kind verkeerd gedoen. Daar was selfs so 'n spreekwoord in Eseg 18:2 - Die kinders se tande is stomp omdat hulle pa's groen druiwe geëet het.

Hierdie visie dat persoonlike ongeluk die direkte gevolg van sonde is, was diep gewortel in die Jode se eie gemoed (vgl Job 4:7, 8:20, 11:6, 22:5-10, Joh 9:2). Veral die boek Job het nogal heelwat daarvan in die gesprekke van die vriende van Job met hom. Hulle wou aanmekeer hê hy moet die een of ander sonde in sy verlede oproep om sy huidige situasie te verklaar en helder te maak.

Dit is die agtergrond van hierdie mense wat vir Jesus kom vertel van die Galileërs wat so wreed deur Pilatus doodgemaak is dat hulle bloed met hulle eie offerdiere se bloed vermeng geraak het. Wrede geweld was nie onbekend vir Pilatus nie. Kort hierna, in 35 nC, het hy 'n aantal Samaritane laat doodmaak op die berg Gerisim waar hulle aanbid het. Daardie Galileërs is doodgemaak by die altaar, waarskynlik, sou die mense dink, omdat Galilea die broeiplek was van die Selote, die fanatiese en gewelddadige yweraars wat gedurig teen die Romeine in opstand gekom het. Of die mense wat dood is toe die Siloam toring op hulle geval het - Hulle is dood omdat hulle die Romeinse regering gehelp het! Selfs om water in die stad te kry en so die Romeine te help is meer as genoeg oorsaak vir straf. Hulle is met die blinde sambok geslaan.

Die redenasie agter die situasie is: Hierdie mense moes eenvoudig groter sondaars as ander gewees het, anders sou hulle nie so 'n wrede dood gesterf het nie!

Jesus smoor egter self hierdie spekulasies en redenasies in die kiem! Hy sê vir almal: As julle julle nie bekeer nie, sal julle ook sterf! Sonder genade!

Sonder ontferming!

1. Die probleem van lyding en ongeluk in perspektief

Kom ons plaas die probleem van lyding en ongeluk in perspektief.

Mense kan baie nonsens kwytraak as dit dit kom by die probleem van swaarkry. Aan die een kant hierdie blinde sambok, hierdie direkte straf op sonde.

Aan die ander kant, kan mense iets so dwaas en ondeurdag sê soos: Mense wat op so 'n wrede manier seerkry en sterf, dit is die duiwel se werk! Die duiwel het so 'n persoon se lewe kom beroof of haar laat sterf!

Ongelukkig laat so 'n soeke na 'n direkte oorsaak tussen die seer en kwaad wat jy beleef en een of ander sonde, jou net met toenemende skuldgevoelens! En dit kan jou verteer!

Ander kom weer en skryf die probleme wat jy ervaar toe aan demone of duiwels wat jou beetgepak het. Alhoewel mens die invloed van die duiwel en demone nie wil ontken nie, is dit ook so dat die demone baie eerder die skuld kry vir my en jou gedrag as jyself! Dit is niks anders as ontkenning van jou skuld en verantwoordelikheid nie! As jy gedurig dronk is, is dit die drankdemoon. Of die geweldsdemoon of die vloeker of wat ook al. Maar dit is jy wat dit doen!

Blaamverskuiwing is netso verwant hieraan en so oud soos die sondeval self. Adam het en wou nie sy skuld aanvaar nie. Hy het dadelik eers vir Eva die skuld gegee en toe sommer vir die Here self! Dit is die vrou wat U vir my gegee het! En Eva het weer die skuld op die slang gepak. Dink mooi op wie pak jy die skuld vir dit wat jy beleef!

2. God laat nie sonde net verbygaan nie

Br en sr, feite is: God straf sonde. Dit sê Jesus self by hierdie geleentheid. God laat nie sonde sommer net verbygaan nie. Hy straf en oordeel opsetlike en onopsetlike sondes. Julle sal net soos hulle sterf en omkom, sê Jesus. Daarmee sê hy nie vir die mense dat hulle net so 'n wrede dood sal sterf nie, maar wel: Julle sal ook onbekeerd sterf as julle julle nie bekeer nie! Sonder dat julle die Verlosser en verlossing leer ken het, sonder dat julle julle tot die Messias hier tussen julle wend! God se oordeel is uiters regverdig. Hy sal nie net sommiges straf nie, maar almal, want Hy haat sonde!

En as Jesus dan later sterf, ly en gekruisig sterf onder Pontius Pilatus, dan sterf Hy juis hiervoor: Vir sonde! Hy sterf juis om die woede en toorn van Sy

Vader oor sonde te versoen, Hy bring juis uiters noodsaaklike versoening en vergifnis! Hy het die regverdige oordeel van die Here oor alle sonde op Hom geneem. Die vryspraak wat Hy bring is juis totale vryspraak vir die een wat in Hom glo! Sodat almal wat lewe hulle lewe in geloof kan waardeer.

So volkome is sy verlossing, dat die gelowiges in hulle lewe op aarde en die lewe na die dood, alle straf vryspring! Hoewel daar dikwels beproewing oor mense kom, is dit nie die straf van die Here nie. Hy tugtig ons wel om al hoe nader aan Hom te kom. Dit is iets wat mens baie keer verwar. Sal God werklik ons vergewe? Volkome vergewe? Word ek werklik nie gestraf nie? Net beproef? Die antwoord is ja, ja en nogmaals ja. Dit kan ontstellend wees. Baiekeer kom straf en beproewing in dieselfde vorm. Kom droogte oor 'n land. Dan deel almal daarin en almal kry swaar. Maar dit is beproewing vir die kinders van God en straf oor die ongelowiges wat hulle nie bekeer nie! So, glo ek, het Covid 19 dieselfde karakter.

Straf en beproewing het sy gevolge, soos sonde sy gevolge het. Dit laat rowe en letsels. Dit laat rou herinnerings wat weer gesond moet word. Soms is daar 'n herkenbare verband tussen sonde en sy gevolge. Na 'n egskeiding bly jy steeds geskei, al is jy oortuig van jou vergifnis. As jy in onverantwoordelikheid jou arm afgesny het, bly hy af, al is jy vergewe.

Maar, alle ongelukke en lyding het nie sy oorsprong in sonde nie! God laat swaar oor jou toe, partykeer net om ons almal te herinner aan die gebrokenheid van ons samelwing. Om juis ons toevlug tot Hom te soek in en deur Jesus Christus en deur Hom getroos te word. Ander kere herinner God ons aan Sy Almag in 'n vernietigende aardbewing. Mense word beproef, mense bly in armoede, juis om ons in ons gewetens aan te spreek. Word mense wat ly die gewete van 'n gemeenskap. Die gewete van 'n kerk om op te staan en iets daadwerklik aan die situasie te doen.

3. Noodsaaklike genade en bekering

Br en sr, die Heilige Gees maak hierdie radikale insig, omkeer van denke en wil in mens wakker. Hy getuig met die Woord van God in jou. Hy laat jou vashou aan jou hemelse Messias en Verlosser. Hy laat jou afsien van enige ander verklaring of hoop of troos wat mens nog aan wou vashou. Hy laat jou aan jou Here vashou! Hy kalmeer jou woelende gees, hy bring insig. Hy laat ons nie altyd verstaan hoekom wat met ons in ons lewens gebeur nie. As ons alles verstaan, het ons mos nie 'n Verlosser ook nodig nie! Nee, Hy bind ons vas aan die persoon van die Vader en Jesus Christus. Om persoonlike troos en genade te ken.

Hy maak ook in jou 'n getuienis van bekering wakker. 'n Getuienis wat wys dat jy jou troos ken en gebruik! Wat wys dat jy aan jou Here vashou omdat jy in Hom glo! Jou tot Hom bekeer het!

Br en sr, God laat niks sinloos en sonder doel met jou gebeur nie. Hy slaan ons nie blindweg nie. Hy roep ons om Hom te sien. Soms deur trane, soms deur oë wat moeggekyk en gesoek is, maar Hy laat Sy teenwoordigheid sien! Sy genade! Sy Seun! Sy Gees! Dat ons sal lewe, en nie omkom nie.

Amen